

SAVF Tzaneen Kleuterskool



ASJASSIE NUUS

September 2026

Wat het alles die afgelope tyd by die skool gebeur?

Daar gebeur altyd iets opwindends by ons kleuterskool! Hier is 'n kykie na wat die afgelope tyd alles by ons plaasgevind het.

➤ 'n Hartlike welkom aan ons nuwe maatjies

Ons het weer 'n paar nuwe gesiggies by ons skool verwelkom. Dit is altyd spesiaal om nuwe maatjies deel van ons skoolfamilie te sien word. Almal het sommer vinnig aangepas en is reeds gelukkig en deel van die groep. Baie welkom aan elkeen van julle!

➤ Ons trotse trompoppies

Ons trompoppies het die afgelope tyd by verskeie geleenthede opgetree en elke keer hulself uitstekend van hul taak gekwyt. Ons is ongelooflik trots op ons Graad RR- en R-dogtertjies wat bereid is om gereeld van hul speelyd op te offer om te oefen. Hulle harde werk en toewyding wys beslis wanneer hulle optree!

➤ Kaskarpret in Letsitele

Die Kaskar-kompetisie in Letsitele was 'n dag vol pret, opwinding en entoesiasme! Gelukkig het almal die dag veilig deurgekom sonder enige beserings. Die kleuters het sommer eerstehands geleer dat 'n mens soms moet uithou, aanhou en weer probeer.

➤ Fotodag

Fotodag kan sekerlik as 'n vorm van georganiseerde chaos beskryf word! Tog het ons maatjies mooi hul beste glimlagte vir die fotograaf gewys. Nou wag ons almal vol spanning om die eindresultaat te sien. Ons is seker daar gaan heelwat pragtige herinneringe wees!

➤ 'n Suksesvolle opedag

Ons opedag was 'n wonderlike geleentheid waartydens ons heelwat nuwe maatjies en hul ouers kon ontmoet. Ons buitemuurse aktiwiteite het ook hul talente en vaardighede ten toon gestel. Dit was heerlik om ons skool se energie en verskeidenheid met besoekers te deel.

➤ **Hallo, Lente!**

Ons het die nuwe seisoen behoorlik verwelkom – met blomme, ballonne en natuurlik baie vriendelike gesiggies! Lente bring nuwe lewe, kleur en vars energie, en ons is dankbaar vir hierdie mooi nuwe seisoen.

➤ **Pa-en-Seun Kamp – 'n naweek om te onthou!**

Ons Pa-en-Seun Kamp was 'n reuse sukses met **42 seuns en 42 pappas**, asook hier en daar 'n oom en oupa wat saamgespan het. Teen vroegeand was die tente reeds opgeslaan, seile oor die agterkante van bakkies gespan en matrasse gemaklik uitgegooi. Die weer was 'n bietjie koel, maar dit het niemand gekeer nie! Daar is hard gespeel, vinnig fiets gery, heerlik marshmallows gebraai en behoorlik tou getrek. Die klimraam was natuurlik 'n groot gunsteling. Tussendeur is worsbroodjies verslind en heelwat koeldrank gedrink. Die besoek van die brandbestryders en die skiet na ballonne was beslis van die groot hoogtepunte van die naweek. Tydens die opening is daar ook 'n mooi boodskap met die seuns en pa's gedeel. Dit was verseker 'n naweek vol lag, avontuur en kosbare pa-en-seun-tyd. **Ons maak verseker weer volgende jaar so!**

➤ **Lenteloop**

Ons Lenteloop was 'n groot sukses! Elke klas het die ouers en toeskouers met 'n eie tema vermaak, en die kleuters het hul harte uitgestap. Ons ouers het ons ook baie mooi ondersteun en geborg. Ons verwag daarom 'n goeie inkomste uit die geleentheid. Baie dankie aan elke ouer en ondersteuner wat gehelp het om die Lenteloop so 'n sukses te maak!

➤ **En toe ... ons groot konsert!**

Die hoogtepunt van die jaar – ons kleuterskoolkonsert! Wat 'n besondere geleentheid vir ons kleuters om te groei, nuwe dinge te probeer en natuurlik hul oomblik in die kollig te geniet ... alhoewel nie almal ewe oortuig was dat die kollig vir hulle bedoel is nie! Sommige van ons maatjies het werklik op die verhoog ontpop en gewys waartoe hulle in staat is. Na al die harde werk van Juffrou én die kinders was dit 'n groot vreugde om hulle uiteindelik op die verhoog te sien. En ja ... ons dink sommer reeds aan idees vir 2027 se konsert!

➤ **Speel is leer!**

By ons word daar elke dag met groot entoesiasme gespeel – want ons weet dit is juis deur spel dat kleuters leer! Terwyl hulle speel, ontwikkel hulle hul liggame, leer hulle om saam met ander te funksioneer, ontdek hulle nuwe dinge en kry hulle geleenthede om selfvertroue op te bou.

➤ **Assessering**

Assessering vind deurlopend gedurende die jaar plaas sodat ons die ontwikkeling en vordering van elke kleuter kan monitor. Daar word egter nie hierdie kwartaal rapporte uitgegee nie. Die laaste rapporte vir die jaar sal aan die einde van November uitgedeel word.

➤ **Groei deur spel**

Ons kleuters kry elke dag volop geleentheid om te speel, te ontdek en nuwe vaardighede aan te leer. Deur hierdie aktiwiteite word hul motoriese vaardighede versterk, terwyl hulle terselfdertyd emosioneel groei en ontwikkel.

➤ **'n Besige program!**

Maandae is Monkeynastix-dag en ons kleuters geniet elke oomblik daarvan! Ons Graad R-maats kry die geleentheid om met rekenaars vertrou te raak en belangrike basiese vaardighede aan te leer. Ons buitemuurse aktiwiteite sluit onder andere Playball, swem, ballet, dans, netbal, rugby, wetenskap en gimnastiek in. Daar is dus beslis iets vir elkeen!

➤ **Ons terrein kry 'n nuwe baadjie**

Ons is voortdurend besig om ons terrein op te knap en mooier en meer funksioneel te maak. Een van die groot projekte was ons skoolkombuis. Ná vyf weke van afbreek, bou en weer opbou, is ons kombuis uiteindelik weer in gebruik – en ons is ongelooflik trots op die pragtige eindresultaat! Ons saal het ook 'n vars nuwe voorkoms gekry met nuwe gordyne, wat sommer 'n besondere afronding aan die ruimte gee. Ons is dankbaar vir elke verbetering wat ons skool 'n nog mooier en aangenamer plek vir ons kleuters maak.

Waarna kan ons uitsien in die vierde kwartaal van 2026?

- Oupa en Ouma Dag
- Graad R-gradeplegtigheid
- 'n Uitstappie na Merensky Landbou Akademie se plaas
- Rolbaldag vir fondsinsameling op 16 Oktober
- Rapporte op Vrydag 27 November
- Lekker werk en speel
- En vele meer ...

Die skool sluit hierdie jaar op Vrydag 11 Desember 2026.

En heropen op Woensdag 6 Januarie 2027 om 06:30.

Uit die hoof se kantoor



Driekwart van die jaar – en soveel om voor dankbaar te wees!

En skielik is ons al by driekwart van die jaar! Waar het die tyd tog heen gevlieg? Wanneer ons terugkyk oor die afgelope paar maande, besef ons hoeveel daar is om oor dankbaar te wees en hoeveel mooi dinge ons saam bereik het.

Soos met enige skool, kom daar natuurlik uitdagings oor ons pad – soms finansieël, soms emosioneel en soms sommer net deel van die alledaagse lewe! Maar ten spyte daarvan gaan dit baie goed met ons skool, en ons is dankbaar vir elke tree vorentoe.

'n Spesiale dankie aan ons ouers wat maand na maand hul finansiële verpligtinge teenoor die skool getrou nakom. Dankie ook vir die wonderlike ondersteuning tydens ons funksies en fondsinsamelings. Julle betrokkenheid maak 'n ongelooflike verskil. Sonder julle sou ons dit beslis nie kon doen nie!

Ons waardeer dit ook wanneer julle van ons skool vertel en ons onder vriende en familie aanbeveel. Elke keer wanneer iemand sê: *“Ek het van die skool by 'n ander ouer gehoor,”* weet ons ons het 'n ambassadeur in ons ouergemeenskap!

Bly asseblief ingeskakel!

Onthou om gereeld julle WhatsApp-boodskappe van die skool dop te hou sodat belangrike inligting nie verlore raak nie. Ons probeer ook 'n bietjie meer papier spaar waar ons kan. Loer gerus gereeld op ons Facebook-blad en webtuiste om op hoogte te bly van alles wat by die skool gebeur.

Baie dankie dat julle deel is van ons skoolfamilie. Saam maak ons 'n verskil!

UIT DIE MOND VAN DIE SUIGELING



Kloé (Vissie): “Tannie Bianca, is jou rug nog seer? Jou mamma moet vir jou bid.”

Björn (Hasie): “Ek het gespoel al ruik dit nie so nie.”

Johan (Hasie): “Tannie Irene, ek het gaan fiets ry toe smelt my hare!” (*nat gesweet*)

Zelmari (Eendjie): Sy stamp haar voet teen ‘n klip en sê “Oe, amper sien ek my g*t!”

Martiens (Hasie): “Tannie Irene, waar’s die neus uitblasers?” (*snesies*)

Liz-Mari (Eendjie): Vra vir tannie Bianca iets. Toe Bianca antwoord “Sommer”, sê Liz-Mari “Sommer is nie ‘n rede nie, skilpad het nie vere nie.”

Ariana (Hondjie): “Ons gaan maloene eet.” (*lemoene*)

Deané (Katjie): “Ek het nog so geloop toe trap ek skeef en val op my kalbassie. Nou het ek ‘n lammie op my boud.”

Christiaan (Eendjie): Die Katjeklas sê hulle is 6 jaar oud. Toe sê hy, “Nee, julle is 20 jaar.”

Nou ja, uit die mond van die suigeling ... ware wyse woorde

Ons kinders is aan ons toevertrou



Eendag gaan ons kinders
groot wees.
Eendag gaan hulle self
besluite neem.
Eendag gaan ons nie meer
langs hulle staan om elke keuse
vir hulle te maak nie.

*Maar wat ons vandag
in hulle harte plant,*

sal hulle môre saam met hulle
dra.



Liewe Ouers

Om 'n kind groot te maak is een van die
grootste voorregte wat God aan 'n mens
kan gee. Maar dit is ook een van die
grootste verantwoordelikhede.

Ons kinders het vandag meer as ooit tevore
leiding nodig. Hulle word beïnvloed deur vriende,
televisie, selfone, sosiale media en die wêreld
rondom hulle.



Wie leer my kind wat reg en verkeerd is?
Wie leer my kind hoe om ander te behandel?
Wie leer my kind dat daar grense is?
Wie leer my kind van God?

Die antwoord behoort nie die skool, die onderwyser,
grootouers of die samelewing te wees nie.

Dit begin by die huis. By Ma en Pa.

Die Bybel laat ons nie toe om hierdie verantwoordelikheid
ligtelik op te neem nie.

*"Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het,
moet voortdurend in jou gedagtes wees.
Jy moet dit by jou kinders inskerp..."*

DEUTERONOMIUM 6:6-7

Liefde beteken nie om alles toe te
laat nie.

- ♥ Liefde sê soms "nee".
- ♥ Liefde stel grense.
- ♥ Liefde leer respek.
- ♥ Liefde korregeer verkeerde gedrag.
- ♥ Liefde wys die pad terug wanneer
'n kind verdwaal.

Dit is nie net die kerk se verantwoordelikheid nie.
Dit is nie net die skool se verantwoordelikheid nie.
Dit is 'n verantwoordelikheid wat God aan ouers gee.

Maar hier is die hoop...

Begin weer. Dit is nooit te laat
om 'n kind vas te hou en te sê:
"Ek is lief vir jou."

- ♥ Stel weer 'n grens.
- ♥ Vra weer verskoning.
- ♥ Bid weer saam.
- ♥ Bring jou kind terug na God.

Ons kan nie die wêreld verander
nie, maar ons kan die fondament
verander waarop hulle grootword.

*Klein handjies
verander die wêreld!*



*"Leer die kind
die regte pad,
en hy sal dit nie
verlaat nie."*

SPREUKE 22:6



*Want ons kinders is nie net ons kinders nie.
Hulle is lewens wat God aan ons toevertrou het.*

Laat ons daardie verantwoordelikheid ernstig opneem.

